**Pasiëntinligtingsblad vir menslike medisyne**

**PASIëNTINLIGTINGSBLAD**

**SKEDULERINGSTATUS** S2

**BETAPHLEM STROOP** (250 mg /5 ml)

**Karbosisteïen**

Bevat suiker: Sukrose 1,9 g in 5 ml

Gliserien 390 mg in 5 ml

**Lees hierdie hele voubiljet noukeurig deur omdat dit belangrike inligting vir u bevat.**

BETAPHLEM STROOP is sonder 'n dokter se voorskrif vir u beskikbaar om 'n ligte siekte te behandel. U moet BETAPHLEM STROOP nogtans versigtig gebruik om die beste resultate daaruit te verkry.

- Hou hierdie blad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Moenie BETAPHLEM STROOP vir enige ander persoon gee nie.
- Vra vir u gesondheidsorgverskaffer of apteker as u nog inligting of raad nodig het.
- U moet 'n dokter konsulteer as u simptome vererger of nie verbeter nie.

**Wat in hierdie blad is**

1. Wat BETAPHLEM STROOP is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat u moet weet voordat u BETAPHLEM STROOP drink
3. Hoe om BETAPHLEM STROOP te drink
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om BETAPHLEM STROOP te stoor
6. Inhoud van die pak en ander inligting

## 1. Wat BETAPHLEM STROOP is en waarvoor dit gebruik word

BETAPHLEM STROOP behoort aan 'n groep medisyne wat mukolitika genoem word. Dit werk deur die slym minder taai te maak. Dit maak dat slym makliker opgehoes kan word.

BETAPHLEM STROOP word gebruik vir probleme in die lugweë wanneer daar te veel slym is of wanneer die slym te taai is.

## 2. Wat u moet weet voordat u BETAPHLEM STROOP drink

**Moenie BETAPHLEM STROOP drink nie:**

- as u hipersensitief (allergies) vir karbosisteïen of vir enige van die ander bestanddele van BETAPHLEM STROOP is.
- as u swanger is.
- as u 'n aktiewe maagseer het (brandende maagpyn, sooibrand, naarheid).
- as u 'n hoesmengsel drink wat folkodien bevat.

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

**Wees veral versigtig met BETAPHLEM STROOP:**

- as u 'n geskiedenis van maag- of duodenale ulkusse het (naarheid, brandende maagpyn, sooibrand, gevoel van volheid, opgeblasenheid).
- as u asma met 'n geskiedenis van brongospasma (hoes, benoudheid in die bors, probleme met asemhaling) het .
- as u slym ophoes, hyg of moegheid ervaar.

**Kinders**

Moenie **BETAPHLEM STROOP** vir kinders onder 2 jaar oud gee nie, want dit is onwaarskynlik dat dit veilig sal wees.

**Ander medisyne en BETAPHLEM STROOP**

Sê altyd vir u gesondheidsorgverskaffer as u enige ander medisyne gebruik (waaronder alle aanvullende of tradisionele medisyne).

Wees versigtig as u enige van die volgende medisyne saam met BETAPHLEM STROOP gebruik

- BETAPHLEM STROOP moet nie saam met folkodienstroop gedrink word nie

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

As u swanger is of borsvoed, dink dat u dalk swanger kan wees of beplan om 'n baba te hê, moet u u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg voordat u hierdie medisyne gebruik.

Swangerskap:

Dit word nie aanbeveel dat swanger vroue dit gebruik nie, aangesien die veiligheid van BETAPHLEM STROOP tydens swangerskap nie bepaal is nie.

**Motorbestuur en gebruik van masjinerie**

BETAPHLEM STROOP het geen effek op die vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik nie.

BETAPHLEM STROOP bevat sukrose

As u dokter vir u gesê het dat u 'n onverdraagbaarheid vir sekere suikers het, moet u u dokter skakel voordat u BETAPHLEM STROOP drink.

BETAPHLEM STROOP bevat metielparahidroksibensoaat

Dit kan allergiese reaksies veroorsaak (moontlik vertraag).

## 3. Hoe om BETAPHLEM STROOP te drink

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is vir enige ander persoon gee nie.

Gebruik BETAPHLEM STROOP altyd presies soos wat in hierdie blad beskryf word of soos wat u dokter of apteker vir u gesê het. Raadpleeg u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Dit word nie aanbeveel vir kinders onder 2 jaar nie.

Volwassenes: Twee tot drie medisynemate (10 ml tot 15 ml) drie keer per dag.

Kinders: 6 - 12 jaar: Een medisynemaat (5 ml) drie keer per dag.

Kinders: 2 - 5 jaar: ’n Kwart tot ’n halwe medisynemaat (1,25 - 2,5 ml) vier keer per dag, volgens ouderdom

**As u meer BETAPHLEM STROOP gedrink het as wat u moes**

Raadpleeg u dokter of apteker in geval van oordosering. As nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum.

**As u vergeet om BETAPHLEM STROOP te drink**

As u ’n dosis mis, drink dit so gou as wat u onthou, maar indien dit binne 4 ure van u volgende dosis is, slaan die dosis wat u gemis het oor en drink die volgende een op die gewone tyd. Dan kan u met u behandeling soos tevore voortgaan.

**Moenie ’n dubbele dosis drink om vir ’n oorgeslane dosis op te maak nie.**

**As u ophou om BETAPHLEM STROOP te drink**

Raadpleeg u dokter of apteker as u onseker is wanneer om op te hou omBETAPHLEM STROOP te gebruik.

As u nog vrae oor die gebruik van hierdie produk het, moet asseblief vir u dokter of u apteker vra.

**4. Moontlike newe-effekte**

BETAPHLEM STROOP kan newe-effekte hê.

Nie al die newe-effekte wat vir BETAPHLEM STROOP aangemeld is, is in hierdie blad opgeneem nie. As u algemene gesondheidstoestand versleg of as u enige newe-effekte ervaar terwyl u BETAPHLEM STROOP drink, moet u u gesondheidsorgverskaffer asseblief om advies raadpleeg.

Indien enige van die volgende voorkom, moet u ophou om BETAPHLEM STROOP te drink en dadelik vir u dokter sê of na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal gaan:

- veluitslag, jeuk, probleme om te sluk of asem te haal, swelling van die lippe, gesig, keel of tong
- blase op of bloeding van die vel rondom die lippe, oë mond, neus en geslagsdele

Hierdie is almal baie ernstige newe-effekte. As u dit ervaar, kan dit wees dat u 'n ernstige reaksie op BETAPHLEM STROOP gehad het. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag of hospitalisasie nodig het.

Sê dadelik vir u dokter of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal as u enige van die volgende opmerk:

- bloed in u braaksel of swart teeragtige stoelgang.

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Dit mag wees dat u dringende mediese aandag nodig het.

Sê vir u dokter as u enige van die volgende opmerk:

Newe-effekte wat minder dikwels voorkom:

- naarheid (voel mislik)
- diarree

- allergiese reaksies soos galbulte
- toe bors
- hoes
- hyg
- moeilike asemhaling
- hoofpyn
- spierpyn
- duiseligheid
- urine wat lek
- abnormale hartklop
- uitasemheid

Newe-effekte met onbekende voorkoms:

- veluitslag
- moegheid (uitgeputheid)
- toename in gewig
- maagpyn

As u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie blad genoem word nie, moet u u dokter of apteker asseblief in kennis stel.

**Aanmeld van newe-effekte**

Praat met u dokter of apteker as u newe-effekte ervaar. U kan newe-effekte ook by SAROG ("SAHPRA") aanmeld *via* die vorm "**6.04 Adverse Drug Reaction Reporting Form**" wat aanlyn by SAHPRA se publikasies gekry kan word: https://www.sahpra.org.za/Publications/Index/8.

Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van BETAPHLEM STROOP te gee.

## 5. Hoe om BETAPHLEM STROOP te stoor

Hou alle medisyne buite bereik van kinders.

Bêre by of onder 25 °C.

Bêre op ’n droë plek, beskerm teen lig.

Moenie na die vervaldatum op die verpakkingsmateriaal gebruik nie

Gee alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.

## 6. Inhoud van die pak en ander inligting

**Wat BETAPHLEM STROOP bevat**

Die aktiewe bestanddeel is karbosisteïen.

Die ander bestanddele is:

Kersiegeursel nr. 1, sitroensuur, gliserien, soutsuur, metielhidroksibensoaat, Poncea 4R Supra (WG 709) CI 16255, gesuiwerde water, natriumsitraat, natriumhidroksied, sukrose.

**Hoe BETAPHLEM STROOP lyk en die inhoud van die pakkie**

Rooi, stroperige vloeistof met ’n soet kersiegeur.

Bottels van 200 ml en 2,5 liter.

**Houer van registrasiesertifikaat**

RANBAXY Pharmaceuticals (Edms) Bpk

Lautreweg 14

Stromill, Uitbr. 1 1

Roodepoort

1724

**Hierdie blad is laas hersien in**

31 Augustus 2022

**REGISTRASIENOMMER**

S/10.2.2/146 (S.A.)

B9314865 (Botswana)

1208 (Mosambiek)